

US vereer Johann Rupert met Pro Bene Merito toekening 2019-11-19

Die toekening

Die Universiteit Stellenbosch (US) ken sy PRO BENE MERITO-toekening – in die vorm van 'n medalje en sertifikaat – in baie spesiale omstandighede vir uitsonderlike diens op plaaslike of internasionale vlak toe. “Diens” kan baie dinge insluit, onder meer die bevordering van die US se belange, veral in die akademiese gemeenskap en institusionele gemeenskap wat aan die akademie verbind is; die skep van geleenthede vir studie en navorsing vir US-personeel en -studente oor 'n lang tydperk; die bevordering van akademiese verhoudings tussen universiteite; en die bevordering van die algemene belang van die US en/of die breër samelewing op verskeie gebiede in Suid-Afrika en internasionaal.

Die benoemde

Gebore en getoë op Stellenbosch as die oudste seun van die Suid-Afrikaanse sakemagnaat wyle dr Anton Rupert en wyle mev Huberte Rupert, het Johann Rupert Maatskappyreg en Ekonomie aan die US studeer. Hy het gou sy vlerke gesprei en het binne vyf jaar sy sake-internskap in New York voltooi voordat hy in 1979 na Suid-Afrika teruggekeer het. In daardie jaar het hy die Rand Merchant Bank (RMB) gestig en die Kleinsakeontwikkelingskorporasie (nou bekend as Business Partners) – wat uiteindelik 500 000 werkgeleenthede in Suid-Afrika geskep het – op die been gebring.

Dr Rupert het verskeie toonaangewende maatskappye gestig, laat saamsmelt en geherstruktureer, en hy het by verskeie instellings, onder meer die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Daimler Chrysler Internasionale Adviesraad en Gold Fields Suid-Afrika, 'n leiersrol bekleed. In 1984 het hy die suksesvolle samesmelting tussen RMB en Rand Consolidated Investments gelei voordat hy by sy pa se Rembrandt-groep aangesluit het. Daar word hy later voorsitter. In 1988 het hy die Switserse luukse goedere-maatskappy, Richemont, gestig, gevolg deur die risikiokapitaalmaatskappye, Remgro en Venfin in 2000. Hy het ook die eienaarskap van die L'Omarins-wynlandagoed by sy oorlede broer Antonij oorgeneem en dit ter ere van hom ontwikkel.

Dr Rupert het reeds **drie eredoktorsgrade** ontvang: een van die US in 2004 in Ekonomie; een van die destydse Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (tans die Nelson Mandela Universiteit) in die Handelwetenskappe in 2008; en een in die Regsgeleerdheid van die Universiteit van St Andrews in Skotland in 2010. Sy uitsonderlike prestasies in sakeleierskap en sy visie het ook aan hom **verskeie ander plaaslike en internasionale toekennings** besorg.

Hy is onder meer in 1992 in Davos, Switserland as een van die Wêreld-Ekonomiese Forum se *200 Global Leaders of Tomorrow* aangewys; hy is drie keer as die Invloedrykste Leier in Suid-Afrika deur die top-100 noteerde maatskappy in Suid-Afrika aangewys; hy is onderskeidelik deur die *Sunday Times* (twee keer), *Die Burger* en die Kaapstadse Kamer van Koophandel as *Sakeman van die Jaar* aangewys. Hy het ook die gesaghebbende Wits Sakeskool se *Management Excellence*-toekening in 2009 ontvang. In dieselfde jaar is die Internasionale Wyn-entrepreneur van die Jaar-toekening Düsseldorf, Duitsland aan hom toegeken en is hy deur die Franse republiek as *Officier* van die Franse *Ordre National de la Légion d'Honneur* aangewys. In September 2018 het hy die *Appeal of Conscience*-toekening van die *Appeal of Conscience*-stigting, 'n intergeloof-koalisie van sake- en godsdienstige leiers wat vrede, verdraagsaamheid en etniese konflik-resolusie bevorder,

ontvang. Dit is aan hom toegeken ter erkenning van sy filantropie en werk saam met die Nelson Mandela-kinderfonds. Hy is by die geleentheid deur die voormalige Amerikaanse minister van binnelandse sake, Henry Kissinger, voorgestel.

As 'n groot sportliefhebber en voormalige krieketspeler, was dr Rupert 'n medestigter van die Sportwetenskapinstituut by die Universiteit van Kaapstad. Hy het 'n leidende rol in die vestiging van die *Laureus Sport for Good*-stigting gespeel wat 65 wêreldwye projekte om minderbevoorregte kinders te help, befonds. Hy het ook as voorsitter van die Suid-Afrikaanse PGA-toer en die Suid-Afrikaanse Gholfontwikkelingsraad gedien.

Dr Rupert is ook 'n **kampvegter vir die bewaring en beskerming van die omgewing en van erfenisskate**. Dr Rupert belê baie in sy oorlede pa se tuisdorp, Graaff-Reinet, waar hy omtrent al die geskiedkundige geboue op die dorp opgeknop het. Hy befonds ook 'n gasvryheidstudie-akademie wat jaarliks honderde jong mense uit voorheenbenadeelde agtergronde vir 'n loopbaan in toerisme oplei, ondersteun plaaslike skole met die opgradering van infrastruktuur en verskaf daaglikse etes aan honderde. Afgesien van die bewaring van sowat 29 500 ha in die Graaff-Reinet-omgewing, het sy familiestigting ook bykomende grond gekoop en aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Parkeraad geskenk. Hy voorsitter van die Peace Parks Foundation, wat die skepping van oorgrens-bewaringsgebiede ondersteun. Dr Rupert het die afgelope paar jaar ook sy stem laat hoor in teenkating teen planne om hidrobreking in die Karoo toe te laat.

Nadat 'n brand op 30 Desember 2018 altesame 53 huise en agt geboue op die geskiedkundige Morawiese sendingstasie, Wupperthal, verwoes en meer as R20 miljoen se skade aangerig het, het dr Rupert sonder om te huiwer, sy hulp met die herbouproses aangebied.

Dr Rupert voltooi vanjaar sy tweede en laaste vyfjaartermyn as die veertiende **Kanselier** van die Universiteit Stellenbosch, nadat die Universiteitsraad hom in Desember 2014 weer aangestel het. Hy het hierdie posisie sedert November 2009 bekleed, toe hy deur 'n kieskollege gekies is om dr Frederik van Zyl Slabbert op te volg. Die Kanselier is die seremoniële hoof van die Universiteit en word volgens die Statuut van die Universiteit verkies. Die Kanselier ken grade namens die Universiteit by gradeplegtighede toe en verrig ook ander seremoniële pligte. Dr Rupert het die US die afgelope tien jaar met groot passie en toewyding gedien.

Hy was ook oor die jare heen 'n **groot weldoener** van die Universiteit deur verskeie, uiteenlopende inisiatiewe, insluitende wingerd- en wynkunde, regsgeleerdheid, sport, opvoedkunde, musiek en bewaring te befonds. Dr Rupert se bydrae tot die Stellenbosse gemeenskap strek baie wyer as die Universiteit. Hy het byvoorbeeld in Desember 2018 altesame 326 titelaktes aan nuwe huiseienaars in Kayamandi oorhandig as deel van 10 000 wat deur dr Rupert se NGO, Die Reinet-stigting, in vennootskap met die Vryemarkstigting geborg is. Daar kan in alle eerlikheid gesê word dat die dorp Stellenbosch, en ook die Universiteit, deur die jare geweldig baie by die sy vrygewigheid gebaat het.

Afgesien van sy rol as Kanselier en groot weldoener, dien dr Rupert ook plaaslik en internasionaal as belangrike **ambassadeur** vir die Universiteit Stellenbosch. Die Universiteit het oor die jare groot baatgevind by sy fasilitering en netwerke. Hy het talle deure vir die Universiteit Stellenbosch oopgemaak wat die Universiteit aansienlik gehelp het om sy visie te bevorder: om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis in diens van die samelewing bevorder.

Aanprysing

Die Universiteit Stellenbosch eer hierdie uitgelese Suid-Afrikaanse sakeleier, entrepreneur, bewaringsgesinde en filantroop deur sy gesaghebbende Pro Bene Merito toekenning aan **Johann Peter Rupert** te oorhandig vir sy buitengewone diens ter bevordering van die algemene belang van die US en die breër samelewing in Suid-Afrika en internasionaal.